



ST. BONIFATIUS

5 JUNIE

(673-754)

Hierdie dapper sendeling monnik vanuit Engeland het allerhande gevare getrotseer om die destydse heidense Duitse stamme te kersten. Pous Gregorius II wy hom tot biskop. Tydens 'n sendingreis na Friesland word hy vermoor. Hy word begrawe in die abdy van Fulda, een van die talle kloosters wat hy gestig het. Hy word vereer as die Apostel van Duitsland.